



BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

30c Vrydag 22 Junie 1984 WINDHOEK Friday 22 June 1984 No. 4917

INHOUD:

Bladsy

CONTENTS:

Page

PROKLAMASIES

- No. AG. 15 Wysiging van die Munisipale Ordonnansie 1963 1
- No. AG. 16 Voorsiening vir die Oplegging van 'n Heffing op Petrol en Distillaatbrandstof. 2

PROCLAMATIONS

- No. AG. 15 Amendment of the Municipal Ordinance, 1963 1
- No. AG. 16 Provision for the imposition of a levy on petrol en distillate fuel 2

PROKLAMASIES

van die

**ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA**

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 26 April
1984)*

No. AG. 15 1984

**WYSIGING VAN DIE MUNISIPALE
ORDONNANSIE 1963**

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

W.A. VAN NIEKERK

Administrateur-generaal

Windhoek, 28 Mei 1984

PROCLAMATIONS

by the

**ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA**

*(Approved by the State President on 26 April
1984)*

No. AG. 15 1984

**AMENDMENT OF THE MUNICIPAL
ORDINANCE, 1963**

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

W.A. VAN NIEKERK

Administrator-General

Windhoek, 28 May 1984

BYLAE

Wysiging van artikel 161 van Ordonnansie 13 van 1963, soos gewysig deur artikel 4 van Ordonnansie 29 van 1965.

1. Artikel 161 van die Munisipale Ordonnansie 1963 word hierby gewysig deur in paragraaf (b) van subartikel (5) na die woord "afdwaling" die woorde "en die tenietgaan van plante in munisipale kwekerye weens natuurlike oorsaak" in te voeg.

Kort titel

2. Hierdie Proklamasie heet die Munisipale Wysigingsproklamasie, 1984.

(Deur die Staatspresident goedgekeur op 2 Mei 1984)

No. AG. 16 1984

VOORSIENING VIR DIE OPLEGGING VAN 'N HEFFING OP PETROL EN DISTILLAAT-BRANDSTOF

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

W.A. VAN NIEKERK

Administrateur-generaal Windhoek, 28 Mei 1984

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Proklamasie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

- (i) "distillaatbrandstof" dieselbrandstof, en ook enige ander stof, of 'n mengsel van dieselbrandstof en 'n ander stof, wat normaalweg as brandstof in 'n kompressie-ontstekingsenjien gebruik kan word; (i)
- (ii) "gebied" die gebied Suidwes-Afrika; (iv)
- (iii) "kennisgewing" 'n kennisgewing beoog in subartikel (1) van artikel 2; (ii)
- (iv) "petrol" petrol, en ook enige ander stof, of 'n mengsel van petrol en 'n ander stof, wat normaalweg as brandstof in 'n vonkontstekingsenjien gebruik kan word. (iii)

SCHEDULE

Amendment of section 161 of Ordinance 13 of 1963, as amended by section 4 of Ordinance 29 of 1965.

1. Section 161 of the Municipal Ordinance, 1963, is hereby amended by the addition to paragraph (b) of subsection (5) of the words "and the destruction of plants in municipal nurseries through natural cause".

Short title

2. This Proclamation shall be called the Municipal Amendment Proclamation, 1984.

(Approved by the State President on 2 May 1984)

No. AG. 16 1984

PROVISION FOR THE IMPOSITION OF A LEVY ON PETROL AND DISTILLATE FUEL

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

W.A. VAN NIEKERK

Administrator-General Windhoek, 28 May 1984

SCHEDULE

Definitions

1. In this Proclamation, unless the context otherwise indicates -

- (i) "distillate fuel" means diesel fuel, and includes any other substance, or any mixture of diesel fuel and any other substance, which is normally capable of being used as fuel in a compression ignition engine; (i)
- (ii) "notice" means a notice contemplated in subsection (1) of section 2; (iii)
- (iii) "petrol" means petrol, and includes any other substance, or any mixture of petrol and any other substance, which is normally capable of being used as fuel in a spark ignition engine; (iv)
- (iv) "territory" means the territory of South West Africa. (ii)

Oplegging van heffing op petrol en distillaatbrandstof

2. (1) Die Administrateur-generaal kan ten bate van die Sentrale Inkomstefonds by kennisgewing in die *Offisiële Koerant*, of by skriftelike kennisgewing beteken aan iemand, hetsy persoonlik of deur die pos, 'n heffing opelê op elke liter petrol of distillaatbrandstof wat deur enigiemand by enige punt in die gebied verkoop of voorsien word vir verbruik, of deur enigiemand in die gebied ingevoer word.

(2) (a) 'n Kennisgewing vermeld -

- (i) die bedrag van die heffing;
- (ii) die rente betaalbaar in die geval van die nie- of wanbetaling van die heffing;
- (iii) die tye wanneer en die wyse waarop die heffing betaal moet word;
- (iv) die persoon wat vir die betaling van die heffing aanspreeklik is;
- (v) die persoon wat vir die invordering van die heffing verantwoordelik is;
- (vi) enige ander bepaling wat die Administrateur-generaal nodig ag vir die doeltreffende administrasie van die oplegging, betaling of invordering van die heffing of die doeltreffende toepassing van hierdie Proklamasie, met inbegrip van bepalings betreffende die doel waarvoor distillaatbrandstof of petrol ten opsigte waarvan die heffing opgelê is, gebruik mag word, of betreffende 'n verbod op die bekendmaking van die bedrag van die heffing, waar die heffing nie by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* opgelê word nie, of die opbrengs van die heffing, aan enige ongemagtigde persoon.

(b) Die Administrateur-generaal kan in 'n kennisgewing enigiemand gedeeltelik of ten volle vrystel van die nakoming van 'n bepaling daarvan.

(c) Die Administrateur-generaal kan in die eerste kennisgewing wat na die inwerking-treding van hierdie Proklamasie in die *Offisiële Koerant* afgekondig of aan iemand beteken word, bepaal dat die heffing daarby opgelê aldus opgelê word met terugwerkende krag tot 'n datum wat nie vroeër is nie as 1 September 1983.

Imposition of levy on petrol and distillate fuel

2. (1) The Administrator-General may, for the benefit of the Central Revenue Fund by notice in the *Official Gazette*, or by notice in writing served on any person whether personally or by post, impose a levy on every litre of petrol or distillate fuel which is sold or supplied by any person at any point in the territory for consumption, or imported by any person into the territory.

(2) (a) A notice shall state -

- (i) the amount of the levy;
- (ii) the interest payable in the event of the non-payment or the payment in default of the levy;
- (iii) the times when and the manner in which the levy shall be paid;
- (iv) the person who shall be liable for the payment of the levy;
- (v) the person who shall be responsible for the collection of the levy;
- (vi) any other provision which the Administrator-General may deem necessary for the efficient administration of the imposition, payment or collection of the levy or the efficient application of this Proclamation, including provisions regarding the purpose for which distillate fuel or petrol in respect of which the levy has been imposed may be used, or regarding a prohibition on the disclosure of the amount of the levy, where the levy is not imposed by notice in the *Official Gazette*, or the proceeds of the levy, to any unauthorized person.

(b) The Administrator-General may in a notice exempt any person, in part or in full, from compliance with any provision thereof.

(c) The Administrator-General may, in the first notice which is after the commencement of this Proclamation published in the *Official Gazette* or served on any person, provide that the levy imposed thereby is so imposed with retrospective effect from a date which is not earlier than 1 September 1983.

- (d) Die Administrateur-generaal kan 'n kennisgewing te eniger tyd wysig of intrek.

Terugbetaling van heffing op distillaatbrandstof aan die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste

3. Indien die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste tot bevrediging van die Administrateur-generaal bewys dat enige gedeelte van distillaatbrandstof ten opsigte waarvan genoemde Suid-Afrikaanse Vervoerdienste 'n heffing betaal het, vir die aandrywing van 'n diesellokomotief gebruik is, kan genoemde Suid-Afrikaanse Vervoerdienste 'n terugbetaling van die bedrag daarvan eis, en indien die procedure ten opsigte van die indiening van die eis wat die Sekretaris van Finansies bepaal het, gevolg is, word die verskuldige bedrag uit die Sentrale Inkomstefonds aan genoemde Suid-Afrikaanse Vervoerdienste terugbetaal en word enige bedrag geld wat aldus terugbetaal word, geag by wet vir dié doel bewillig te wees.

Misdrywe en strawwe

4. Iemand wat -

- (i) versuim om te voldoen aan 'n bepaling van 'n kennisgewing wanneer hy ingevolge die bepaling 'n handeling moet verrig of nie moet verrig nie;
- (ii) inligting ten opsigte van die bedrag of die opbrengs van die heffing in stryd met 'n bepaling van 'n kennisgewing aan 'n ongemagtigde persoon bekend maak, of aldus die bekendmaking van sodanige inligting aan 'n ongemagtigde persoon toelaat,

is aan 'n misdryf skuldig, en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R2 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar, of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

Kort titel

5. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op Heffings op Brandstof, 1984.

- (d) The Administrator-General may at any time amend or withdraw any notice.

Repayment of levy on distillate fuel to the South African Transport Services

3. If the South African Transport Services proves to the satisfaction of the Administrator-General that any portion of distillate fuel in respect of which the said South African Transport Services has paid a levy, has been used to propel any diesel locomotive, the said South African Transport Services may claim a refund thereof and if the procedure determined by the Secretary for Finance for the lodging of the claim has been followed, the amount due shall be refunded to the said South African Transport Services from the Central Revenue Fund and any amount of money so refunded shall be deemed to have been appropriated by law for that purpose.

Offences and penalties

4. Any person who -

- (i) fails to comply with any provision of a notice when he is in terms of such provision required to perform, or to abstain from doing any act;
- (ii) discloses to any unauthorized person any information in respect of the amount or the proceeds of the levy contrary to any provision of a notice, or so allows the publication of any such information to any unauthorized person,

shall be guilty of an offence, and shall, on conviction, be liable to a fine not exceeding R2 000 or to imprisonment for a period not exceeding two years, or to both such fine and such imprisonment.

Short title

5. This Proclamation shall be called the Levies on Fuel Proclamation, 1984.